

7 Januarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 31:15-25**  
**Fokusgedeelte: Jeremia 31:21, 25**

**Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan**

**G**oue raad en wyse woorde vind ons in vers 21: "Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad, op die pad wat jy moet loop." Op 'n ander keer skryf Jeremia (Jer. 6:16): "Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind."

Die verstrooide volk Israel in ballingskap kry op grond van die Here se liefde (vs 20) opdrag om rigting in hulle lewe te kry. Mens moenie sommer maar net doelloos en rigtingloos voortploeter deur die lewe nie. Beplan jou dag. Beplan jou jaar. Beplan jou lewe in soverre die Here dit aan jou opdra en jou die vermoë gee om dit te doen. God het aan elkeen die gawe van wilsbesluite gegee. Doen dit biddend.

Die Here self gee aan ons padwysers en rigtingborde. Pragtig is dit verwoord in die wet van die Here, die Tien Gebooie. Hoe kort en kragtig en lewensomvattend is hierdie padwyser nie! (Dink net in vergelyking hiermee uit hoeveel volumes en nogmaals volumes beslaan 'n staat se landswette.) Hierdie wet van God word ook genoem "die reël tot 'n dankbaarheidslewe". Dit is tien stippellyne vir die lewenspad.

Jeremia sê ook: "... hou jou oog op die grootpad" (vs 21). Sien die geheelbeeld in jou lewe raak. Jou pad en lewensroete het interaksie en kruispunte met jou tyd en tydgenote. Sien sake in die groter konteks. Daarvoor is dit nodig om dikwels 'n omgewingsoudit te doen en/of om 'n lugfoto te neem van jou tyd en die landskap van jou lewe.

*Sing: Psalm 25:2, 6*

*Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)*